RAADSBELEID

ONDERWERP : ONTWERP VAN FRONTAANSIGPLANNE VAN RAADSGEBOUE IN DIE SENTRALE SAKEKERN EN OP RAADSEIENDOM

VERWYSING : 15.1.B

BESLUIT NR : 19/09/2002 DATUM : 30 September 2002

BELEIDSOOGMERK : Om te verseker dat Raadsgeboue en privaat geboue op Raadseiendom volgens ‘n hoë standaard en estetika opgerig word.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Raadsgeboue en enige geboue wat op Raadseiendom opgerig word, maak deel uit van die Raad se beeld na buite. Deur geboue/strukture van ‘n hoë gehalte en estetiese voorkoms op te rig, stel die Raad ‘n voorbeeld aan die res van die gemeenskap om na te streef.

RIGLYNE
Dat alle ontwikkeling deur privaat persone op Raadseiendom of ontwikkeling by publieke geboue op Raadseiendom, deur 'n professionele argitek en/of professionele argitekstegnoloog (tot 500m²) ontwerp moet word.

Dat die Sentrale Sakekern soos volg omskryf word:

> Die gebied wat begrens word deur Brugstraat, Oranjerivier, treinspoor vanaf duikweg tot oorbrug by Le Rouxstraat, aan weerskante, tot met sy aansluiting by Brugstraat, asook erwe 2484 - 2491 wat begrens word deur Weideman-, Kort-, en Van Coppenhagenstraat.

PROSEDURE
1. Alle bouplanne met betrekking tot Raadsgeboue en/of enige geboue op Raadseiendom moet by die Afdeling Stadsbebplanning en Boubeheer ingedien word.

2. By ontvangs van die bouplanne moet dit aan die Komitee vir Tegniese- en Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word.

ROLLE
Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer is verantwoordelik vir die toepassing van die beleid.

VERWANTE BELEID
Wet op Argitektuurprofessie, 2000 (Wet 44 van 2000).

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.